


ST. JOHANNES VAN KANTY

23 DESEMBER

(1390-1473)

A portrait of St. Johannes van Kanty, a man with a long, full brown beard and hair, wearing a blue robe over a white shirt. He has a halo around his head, suggesting a saintly figure. The background is dark, making the portrait stand out.

Hy word vereer as die beskermheilige van Pole en Litae. As jongman was hy 'n uitblinker student aan die universiteit van Krakau, en nadat hy priester gewy is word hy dosent aan dieselfde inrigting. Hy was 'n geliefde prediker en Skrifkenner en selfs toe hy deur die jaloesie van kollegas van sy pos onthef is en na 'n afgeleë parogie gestuur is, het hy geen bitterheid getoon nie, maar homself onmiddellik verdiep in die werk om die armes en behoeftiges by te staan. Later is hy teruggeroep na Krakau en aangestel as professor in die Heilige Skrif. Talle wonderwerke is aan sy voorspraak toegeskryf.